

GLO IN CHRISTUS SE GESAG

1e Kwalifikasie om die Satan suksesvol teen te staan

Soms lyk dit asof gelowiges nie 'n antwoord en greep het op die teenwoordigheid van die Satan nie. Wat is nodig om die Satan suksesvol teen te staan? Die eerste kwalifikasie waaraan jy moet voldoen is **geloof**. As jy ten opsigte van jou geestelike lewe nie glo dat jy met gesag kan optree nie, sal jou geloof swak en sonder resultate bly. Toe die dissipels vir Jesus gevra het waarom kon hulle nie die bese gees uitdryf nie het Hy gesê: “Omdat julle geloof te klein is” (Matt. 17:20). Om met gesag en bekwaamheid teen die magte van die Satan op te tree is 'n sterk geloof nodig. Dan sal jy met daadkrag en sekerheid die Satan aanpak in die geloof en sy verleidinge weerstaan. Deur Bybellees, Bybelstudie, bywoning van die eredienste en die katkisasie (vir ons kinders) sal die Heilige Gees jou geloof so sterk en gespierd maak dat jy die Satan met groot vertroue en met sukses in jou lewe sal kan teenstaan.



WIE'S BAAS IN DIE HUWELIK ?

Die huwelik is die oudste medemenslike verhouding wat bestaan. Die huwelik dateer van voor die sondeval in die tuin van Eden. Van toe af was die huwelik 'n belangrike besprekingspunt tussen mense. Tog moet gelowiges herhaaldelik maar weer praat en besin oor die huwelik.

- ♦ Die huwelik- en gesinslewe sal eers werklik aan sy doel beantwoord as dit geskoei is op die patroon God.
- ♦ Die patroon wat God gekies het, is dat die man die hoof van die huis sal wees (Ef. 5:23; 1 Kor. 11:3).

God het dit so beskik omdat Hy weet hoe Hy man en vrou geskep het. Daarom ontvang elkeen 'n eie plek in die huwelik. Die hoofskap van die man beteken nie oorheersing oor die vrou en die gesin nie, maar leiding en diens. Die man is die leier in die huis soos die dirigent die leier is van die simfonieorke waar in elke instrument 'n eie unieke plek het. Die man is die hoof van die huis soos Christus die Hoof van die gemeente is. Hoofskap het as kenmerk **diens** en **leiding** tot voordeel van die gesin. 'n Christelike huwelik is 'n huwelik waar man en vrou **mekaar dien** ter wille van Christus (Ef. 5:21). Paulus beskou die huwelik as 'n “*diep geheimenis*” met die oog op Christus en die kerk (Ef. 5:32). Die verhouding tussen Christus en die kerk moet sigbaar word in die huwelik van gelowiges. Die man het die *regerende posisie* in die huwelik en die vrou het die *versorgende posisie* in die huwelik. Dit beteken ook nie dat die vrou soms onder omstandighede die regerende faset sal hanteer nie en die man die versorgende aspek. Die huwelik is 'n twee-eenheid (Gen. 2:24-25). Een huwelik met twee kante wat gesamentlik die eenheid aksentueer en waar die een nie die ander oorheers nie.

Dr. Nico van der Merwe



SIMBAAL

“Prys Hom met galmende simbale”

[Psalm 150:5]

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord

[Webadres – <http://www.gkklerksdorpnoord.co.za/>]

Jaargang 6


Sondag 16 Januarie 2011

Nommer 1

GOEIE NUUS VIR DIE JAAR 2011

Aan die begin van die jaar dwaal 'n mens se gedagtes op ver paaie oor jou eie lewe wat was en wat is. 'n Nuwejaar bied ook weer nuwe geleenthede vir verandering. Dan gaan baie gelowiges en hulle lees uit die Bybel reël op reël en opdrag op opdrag en plig op plig af. Dan is jy al klaar moedeloos dat jy nie eens probeer verander nie. Wat ek nou skryf is dalk vir jou 'n groot ontdekking maar die Bybel is nie 'n verhewe pligtetaat nie. Die Bybel is nie 'n breed-uitgewerkte formule oor hoe jy 'n kameel deur die oog van 'n naald kan kry nie. Nog minder is die Bybel wenke oor hoe om weer gebore te word nie. Die Bybel is nie 'n soort kompendium van menslike vroomheid nie – 'n boek met lewenslesse uit die lewens van heiliges nie. Die Bybel is God se bekendmaking: wie Hy **is**; wat Hy **doen** en wat Hy **wil!** In die Bybel steek God nie naarstiglik die sonde en die gevolge daarvan weg nie. Maar God roep die gelowiges op tot 'n lewe van dankbaarheid. Op al God se daade van verlossing en redding moet jy antwoord met 'n lewe van geloof en bekering wat sigbaar word in jou dankbaarheid. Dan kom die lewensverandering waarna jy soek vanself. Dan is jy daarop ingestel om God se Naam te eer in alles wat jy doen (1 Kor. 10:31). Die Bybel gee ook vir jou die vier stappe waarvolgens God jou lewe positief verander (2 Tim. 3:16): [1] Laat jou onderrig in die waarheid van die Bybel. [2] Bestry die dwalinge waarin jy leef. [3] Stel die verkeerdhede in jou lewe reg volgens die Bybelse riglyne. [4] Kweek 'n regte lewenswyse aan. Dan word die uitdagings van die jaar 2011 geleenthede waarin en waardeur die Naam van God in die wêreld grootgemaak word. Dan laat jy toe dat die Heilige Gees jou deur die Woord van God vernuwe in jou denke en in jou menswees (Rom. 12:2). Dan sal jy kan onderskei wat die wil van God is.


Dr. Nico van der Merwe

KOLLEKTES		
Datum	By die diakens	Sakkies by die deure
16 Januarie	Barmhartigheid	Teologiese Studente
23 Januarie	Barmhartigheid	Teologiese Studente
30 Januarie	Barmhartigheid	Teologiese Studente
		
GEMEENTEPROGRAM		
Sondag 16 Januarie tot Saterdag 22 Januarie 2011		
So 16	Oggenddiens	09:30-10:30
So 16	Katkisasie-opening	10:30
So 16	Erediens	18:00-19:00
Ma 17	Bepanningskommissie	18:00
		
TEESKINKBEURTE		
Sondag 16 Januarie 2011		Wyke 28 en Wyk 1
Sondag 24 Januarie 2011		Wyke 2, 3
Sondag 31 Januarie 2011		Wyke 4,5
		

Wyse woorde:

Dit is ver beter om groot dinge te waag, uitdagende take aan te durf – al gaan dit gepaard met vele mislukkings – as om onder daardie droë siele te tel wat in die skemer van hulle gemaksones leef en niks weet van die passie van oorwinning, of mislukking nie.

Theodore Roosevelt

**Uit die Woord**

Een (mens) alleen kan oorweldig word, twee saam kan weerstand bied. 'n Driedubbele tou breek nie maklik nie. [Spreek 4:12]

BEDANKING GEREFORMEERDE KERK NIGEL

Geagte broers en susters

Met hierdie skrywe wil die Geref Kerk Nigel almal bedank wat so mildelik bygedrae het tot die hulp aan die mense van Pieter Wessels tehuis. Behalwe vir die skenkings van kos, klere, toiletware en beddegoed het ons ook 'n bedrag van R40000-00 vanuit die GKSA ontvang (Daar was ook gemeentes wat direk aan die Meals on Wheels groep afgedra het). Die diakonie van die GK Nigel het hierdie bedrag verdeel in R30000-00 aan die Meals on Wheels groep self en R10000-00 aan die Nigel tehuis vir bejaardes waar tussen 12-15 mense die nag van die ramp opgeneem is (van hierdie mense is dan ook permanent hier opgeneem). Vind aangeheg die bewyse van betaling.

Ons dank aan ons Hemelse Vader wat ons geseën het sodat ons hulp kan verleen waar daar nood is.

U broeder in Christus

Gideon Coetzee (VDM)

Predikant te Geref. Kerk Nigel / Minister at Ref. Church Nigel

082-824-9794 (Sel/Cel); 011-814-3555 (Tel); 086-697-8357 (Faks/Fax)

gideon@diecoetzees.com

Posbus/Po Box 384, NIGEL 1490

** @ @ @ **

AB PUMPS van Oos-Londen het tans 'n vakature vir 'n toesighouer, om in diens opgelei te word. Vir meer besonderhede, skakel Dries van der Walt by 043 732 1211 of 082 871 4129, of stuur 'n e-pos na dries@abpumps.co.za.

PUBLIKASIE VAN DIE ARGITEKTONIESE ERFENIS VAN DIE GKSA : VAN SERINGBOOM TOT KERKGEBOU

Die boek **VAN SERINGBOOM TOT KERKGEBOU** oor al die kerkgeboue van Gereformeerde Kerke is nou beskikbaar.

Die eerste versamelde publikasie van die argitektoniese erfenis van die GKSA. Die boek bestaan uit 365 kleurbladsye, saamgebind met 'n harde buiteblad.

Aankoopprys is R310 + R20 posgeld.

Boeke kan bestel word by:

Posbestellings:

Alle posbestellings: Hannes Noëth 083 415 5961

E-pos: jgnoeth@lantic.net

(Betaal R330 in by JG Noëth, ABSA spaar, 261 9590 387 en faks inbetaalstrokie na 086 582 8518. Gebruik as verwysing u kontaknommer en voorletters en van.)

Direkte bestellings:

Boeke kan afgehaal word teen R310 per boek by:

- A. Pretoria-streek: Nandor Sarkady 072 365 5078
- B. Bosveld-streek: Rica Schutte 083 235 5981
- C. Randvaal-streek: Kobus van Tonder 082 544 2879
- D. Randvaal-streek: Colin Harris 011 704 0504
- E. Ander streke: Hannes Noëth 083 415 5961
(jgnoeth@lantic.net)

Susters

Saamroepster vir Januarie: Ansie van Vuuren

Koekies / Lekkernye vir die Kinderhuis:

Januarie en Februarie: Wyke 26 – 28; 1 en 5



SUSTERSBESTUUR

VOORSITSTER	Ansie van Vuuren	0832259992	Jan./Nov.
O-VOORSITSTER	Santie v.d. Westhuizen	0832547075	Feb.
TESOURIER	Kotie Oosthuizen	0846002640	Maart
SEKRETARESSE	Bets deLang	0842579481	April/Des.
ADDISIONELE LEDE:			
Mariaan Aucamp	0829527010		Mei
Elmarie Kruger	0833575546		Junie
Marlene Lemmer	0832876455		Julie
Marietjie van Aswegen	0825532643		Augustus
Sophia van der Merwe	0845883960		September
Magda van der Walt	0834613060		Oktober

Vrywilligers vir hospitaalbesoek word gevra om hul name op 'n lys in die voorportaal te skryf, asseblief. Ons lidmate, wat behandeling ontvang, asook siek lidmate van omliggende dorpe wat in die plaaslike hospitale behandel word, waardeur 'n besoek en 'n bemoedigende woord baie. Oom Pottie doen tans liefdeswerk in die hospitale maar het dringend hulp nodig.

KOM TOER SAAM OP DIE VOETSPORE VAN PAULUS

Hierdie toer deur Klein-Asië vind plaas vanaf 25 Sep. tot 6 Okt. 2011. Vir 'n volledige program en inligting, stuur 'n e-pos na peetcoetzee@lantic.net of hanliejordan@gmail.com.

VERJAARDAE	
16 Januarie	Phil Jooste
18 Januarie	Oom Tienie Botha
18 Januarie	Riaan Jacobs
18 Januarie	Lojandri de Klerk
19 Januarie	Callie de Bruyn
20 Januarie	Andre Matthyser
20 Januarie	Anneke van Vuuren
21 Januarie	Tannie Anna Smit
23 Januarie	Andrè Kirsten

Mag u nuwe lewensjaar vol goeie gesondheid en vreugde wees. Geniet u verjaarsdag!

Lief en Leed in die gemeente

- ❖ Hartlik geluk aan al die 2010-matrieks! Ons het die volgende uitslae ontvang: *Trohandi de Klerk* (5 onderskeidings), *Alessandro Casaleggio* (2 onderskeidings), *Liezl Kruger* (1 onderskeiding) en *Stefan en Anton van der Westhuizen* (vrystelling). Seënwense vir jul toekoms!
- ❖ Die volgende lidmate ervaar gesondheidsprobleme: *sr. Vicky Scheepers*, *sr. Maria Smit en Oom Frans van der Walt*, *schoonvader en vader van br. en sr. Frikkie du Plessis*. Ons bid almal wat siek is beterskap toe.
- ❖ Dit gaan beter met *br. Willem de Jager* wat verlede jaar in 'n motorongeluk betrokke was. Hy sukkel egter nog soms met sy gesondheid en is ook sy motor kwyt wat in die ongeluk beskadig is.
- ❖ Ons dink ook in besonder aan *Liandrè Matthysser* wat sedert vroeg in Desember 2010 ernstig siek in die hospitaal was. Daar het al 'n groot verbetering ingetree maar sy is steeds in 'n rehabilitasie sentrum naby Krugersdorp. Baie sterkte aan André, Verni, Hennie en Elsie wat haar so getrou ondersteun. Elkeen se voorbidding word gevra vir die herstel periode.
- ❖ Hartlik geluk aan *br. en sr. Hennie en Susan van Rooyen* met die geboorte van 'n kleinkind op 26 Nov. 2010. Sy is die dogtertjie van Annelie en Theuns Louw van Pretoria. Mag sy nog vir julle en die hele familie groot vreugde bring.

- ❖ 'n Stewige handdruk aan *die De Klerk-familie: Trohandi* het, benewens puik matriekuitslae wat bo genoem is, ook akademiese erekleure, algemene skoolerekleure en die toekenning as kultuurdogter aan die einde van 2010 ontvang. *Lojandri* het, benewens haar verkiesing op die leerlingraad, ook akademiese erekleure, hokkie-erekleure en 'n brons-toekenning vir toneel van die ATKV ontvang. Ons hoor graag van ons kinders se prestasies!

Die katkisasie van ons verbondskinders neem vandag weer 'n aanvang. Daar word nog kategete benodig vir Graad 5, 6 en 7. Die ander kategete is die volgende:

Voorskool	Kamer 3	Sr. Martie Venter
Gr. 1	Orrel	Sr. Rina Oosthuizen
Gr. 2	Diakensbank	Sr. Linelle Hitge
Gr. 3	Ouderlingbank	Sr. Melinda de Kock
Gr. 4	Hoofleur	Sr. Elsa van Heerden
Gr. 5	Wiegkamer	
Gr. 6	Kamer 2	
Gr. 7	Moederskamer	
Gr. 8	Konsistorie	Br. Hennie Oosthuizen
Gr. 9	Kamer 1	Sr. Annalize Booysen
Gr. 10	Saal	Br. Pieter Aucamp
		Br. Hennie Venter
Gr. 11	Pastorie	Br. Hennie Venter (Les 1-4)
		Dr. Nico van der Merwe (van 15 Feb.)

****000000****

Dr. Nico van der Merwe en Tersia is vir die volgende aantal weke op 'n welverdiende vakansie aan die kus. Ons bedank hom hartlik vir al die werk wat hy doen om Simbaal wekeliks te versorg. In sy afwesigheid kan u alle persoonlike en ander berigte aan sr. Martie venter deurggee by 018 468 6790 of 073 826 3526 of per e-pos: eisi@vodamail.co.za.